PLATTELAND-KLANKBAAN PROPVOL TREFFERS

Platteland, wat beloof om een van die grootste musiekrolprente ooit in Suid-Afrika te wees, word op 25 November vrygstel. Saam met die fliek word `n klankbaan vrygestel wat beslis een van die jaar se topverkopers gaan wees.

Die klankbaan het niks minder nie as 23 liedjies op, sommige spesiaal vir die fliek verwerk en weer opgeneem, en as bonus is daar ook twee musiekvideos vir kyk en weer kyk.

Platteland vertel die verhaal van Riana van Niekerk (Lianie May) wat enigiets sal doen om haar familieplaas uit die hande van Mike Ferreira (Steve Hofmeyr) te hou. Hy het egter sy eie bose planne en is vasbeslote om Riana van haar grond te kry. Wanneer Dirk Pretorius (Bok van Blerk), ‘n swerwer met sy eie geheime, egter sy opwagting maak is daar oorgenoeg drama en blom die liefde op die onwaarskynlikste plekke.

Ander groot name wat in die fliek te sien is en op die klankbaan te hoor is, is Jay en Karlien van Jaarsveld wat die rolle van Mike Ferreira se kinders speel en Vaughan Gardiner in die rol van Riana se broer, Wian.

Lianie May het in 2008 die Sama-toekenning as topverkoper in die land met haar debuutalbum *Vergeet My Nie* gewen. Sy het daarna groot sukses met die album *Boeremeisie* behaal. Haar treffers *‘n Engel Huil, Vergeet My Nie* en *Die Een Wat Jy Wil Hê Jou Nie Wil Hê Nie* is deel van die klankbaan.

Bok van Blerk het in 2007 die musiekfront oorrompel met sy treffer *De la Rey* en het in 2009 gewys hy is hier om te bly toe hy die Sama-toekenning in Suid-Afrika gewen het met die album *Afrikanerhart*. Sy treffers *Tyd om te Trek, ’68 Chevy, Seilvis Skoffel* en *My Kreet* is op die klankbaan asook *Pa en Seun*, die sielsmooie duet deur hom en Steve Hofmeyr. *Bring Alles Wat Jy Het*, ‘n nuwe duet tussen die twee wat spesiaal vir die fliek geskryf is, het beslis die potensiaal om een van die groot treffers van die jaar te wees.

‘n Nuwe weergawe van Hofmeyr se *Deur Jou Vingers Val* is vir die rolprent opgeneem en hy sing ook *Baas van die Plaas*, ‘n verwerking met nuwe lirieke van Amanda Strydom se Ek Kan Rock in My Taal.

Jay het as lid van Eden bekendheid verwerf, maar het die afgelope tyd groot sukses as solokunstenaar behaal. Sy liedjies *Melanie* en *Soms* is op die klankbaan asook Eden se *Is Jy Bang?* en *Toe Stop My Hart*, ‘n duet tussen hom en Lianie May.

Vaughan Gardiner het homself as solokunstenaar bewys, maar ook as akteur en sanger in musiekblyspele soos *Jock of the Bushveld – The Musical* en *Tree Aan!* Sy treffers *Dit Raak Net Beter, Ver Van Jou, Dis Hoe Jy* en *Vir Jou* is op die klankbaan opgeneem asook ‘n nuwe weergawe van die Eden-liedjie *As Ek Voor Jou Breek*.

Karlien van Jaarsveld het vroeër vanjaar geskitter by die Tempo-toekennings toe sy toekennings as gunsteling nuweling en gunsteling popalbum gewen het. Twee van haar gewilde treffers, *Sweet Dreams* en *Lief vir Jou Geraak*, is op *Platteland* se klankbaan.

Een van Bobby van Jaarsveld se groot treffers, *Net Vir Jou*, is ook deel van die klankbaan. Die twee videos op die klankbaan is *Pleister vir My Hart* van Lianie May en *Bring Alles Wat Jy Het* van Steve Hofmeyr en Bok van Blerk.

Die vervaardigers van *Platteland* is Philo Pieterse (*Lipstiek Dipstiek, Circles in the Forrest / Kringe in ‘n Bos*) en Sean Else en die draaiboek is deur Else en die bekroonde dramaturg Deon Opperman geskryf. Else is die regisseur van *Platteland* en was onder meer betrokke by die musiekblyspele *Ons Vir Jou* en *Jock of the Bushveld – The Musical* en het reeds verskeie toekennings as videoregisseur ontvang. Die rolprent is in Vrede en Verkykerskop verfilm en word deur Indigenous Film Distribution versprei.

Indigenous Film Distribution (Pty) Ltd.
2 Johannesburg Road. Sasani Studios. Highlands North. Block F2
t: 011 719 4080 f: 011 719 4081 e: info@indigenousfilm.co.za www.indigenousfilm.co.za
Registration number: 2008/019550/07

"Die verhaal van 'n vrou wat enigiets sal doen om haar familieplaas van 'n skarmunkel te red, sal aanklank by 'n Afrikaanse gehoor vind," sê Helen Kuun, hoof van Idigenous Film Distribution. "Wat die rolprent nog meer aanloklik vir gehore maak, is die feit dat daar soveel gewilde sangers is wat van die mees geliefde liedjies die afgelope tyd daarin sing."

Platteland word landwyd op 25 November 2011 vrygestel. Die klankbaan sal in dieselfde tyd in musiekwinkels beskikbaar wees.

WWW.PLATTELANDDIEMOVIE.CO.ZA

Indigenous Film Distribution: www.indigenousfilm.co.za

Volg ons op Facebook
Volg ons op Twitter

Vir media navrae:
David Alex Wilson
Publisiteit:
Mad Moth Communications
C: +27 83 629 2587
E: davidalex@madmoth.co.za

Ilza Roggeband
Publisiteit:
C: 079 490 8037
E: ilzailza@vodamail.co.za

Vir algemene navrae:
Corlize Luttig
Head: Bemarking
Indigenous Film Distribution
Tel: +27 11 719 4084
E: corlize@indigenousfilm.co.za